
# SKAKEL

Gereformeerde kerk **Magol**



"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie".
Kol. 3: 23

| | | |
|---|---|---|
| Eredienstye op Sondae: 10:00 | Kantoorure: Maandae, Dinsdae & Vrydae: 08:00-13:00 *(gesluit tydens skoolvakansie)* | |
| Kantoor no: 079 804 5542 | E-pos: admin@gerefkerkmagol.co.za | Webblad: www.gerefkerkmagol.co.za |

## ***DATUM:*** *18 Mei 2025*

---

## Kollektes

**Vandag**
**Swart sakkie:** Emeritaatsversorgings fonds
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

**Volgende week**
**Swart sakkie:** Emeritaatsversorgings fonds
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

---

## Eredienste

**Vandag:** 10:00 & 18:00

**Volgende week:** 10:00 & 18:00

---

## Diensbeurte

**Vandag:** Ell. 06 & Goedgedacht

**Volgende week:** Hdal/Sbp & Monico/ Palala

---

## Bybelstudie

**Maandag:** 19:00 by die kerk

*Die 1ste brief aan Timoteus*

## Huisbesoek

**Komende week:** Ow. 03 & opvang besoeke

Dr. Christiaan se huisbesoek is vooruit op die jaarprogram geskeduleer. Maak asseblief 'n aantekening op jou dagboek wanneer dit jou wyk se beurt is.

---

## Katkisasie

**Vandag:** Nagmaal

**Volgende week: Les 10**

**Woensdag:** 14:30 H/S Kategese

---

## Vergadering

**Donderdag:** Projektekommissie

---

# DOPPERNAGFEES

**30 MEI**



Geen wegkruip toegelaat, vele hande, ligte werk!

## Skinkbeurte

**Vandag:**
**Ellisras 06**
Mariana du Plessis, Elize du Plessis, Petra Grobler, Caitlin Pelser, Landa Pelser, Chantal Roux, Gine Strydom, Theunsina van Rooyen & Carissa du Plessis.

**Goedgedacht**
Ronel Cronje, Emsie du Plessis, Lizbe du Toit, Laurika Elmes, Marietjie vd Walt, Tineke vd Walt & Martie Smit.

**Volgende week:**
**Hdal/Sbp**
Benita Aucamp, Roelene Beumer, Adri Erasmus, Carla Erasmus, Tina Erasmus, Eliztien van der Walt, Coreen Venter & Nadia van Staden.

**Monico/Palala**
Elsa Benadie, Kato du Plessis & Thea Burger

## Verjaarsdae... vir **komende week**

| | | |
|---|---|---|
| 19de | Wynand Venter | Ow. 09 |
| 22ste | Hannetjie Hattingh | Ell. 04 |
| | Loulah van der Watt | Ow. 12 |
| 23ste | Karel Botha | Ell. 05 |
| | dpl Sias du Plessis | Ell. 06 |
| | Lara jv Vuuren | Tambotie |
| | Gert van der Walt | Ow. 12 |
| | Andre Wagener | Ow. 04 |

**Spesiale gelukwensing aan tannie Hannetjie Hatting wat haar 85ste geboortedag vier en ook aan oom Gert van der Walt met sy 81ste verjaarsdag.**

*Mag die seën van die Here op jou rus in jou nuwe lewensjaar sodat die meetsnoere vir jou op lieflike plekke val en jou erfenis mooi sal wees!*

# Doppernagfees

*30ste Mei om 17:30*

## Doppernagfees

Die Doppernagfees is om die draai en daar word al hard gewerk aan die voorbereidings. Om hierdie funksie suksesvol te maak kort daar natuurlik heelwat **skenkings**, **bydraes** en vele **hande**. So asseblief, indien u met enigeiets kan help kontak gerus die stalletjie se sameroeper of die kerkkantoor.



* **Aartappel spirale** (Hendrik & Lanie du Plessis)
  - 6liter Olie
* **Gebak Tafel** (Essie Venter)
  - Groot koeke
  - Kolwyntjies
  - Terte
  - Beskuit
  - Klein koekies
  - Koeksisters
  - Vleispasteitjies
  - Souttertjies
  - enige tuisgebak
  - HELPERS
* **Groentestal** (Elardus & Benita Aucamp + Elardus Aucamp jnr)
  - Vars groente
  - Vars vrugte
* **Handwerk** (Sherman Kuhl)
  - enige tipe handwerk
* **Kerrie & Rys/Vetkoek** (Hennie & Tinka Steyn)
  - Chutney
  - Klapper
  - Helpers Vrydagoggend om die maalvleis en rys gaar te maak,

*groot asseblief.*

* **Koeldrank** (Jeug)
  - Koeldrank
  - 10 liter Roomys
* **Lekkergoed tafel** (Carla Erasmus & Eliztien van der Walt)
  - Lekkergoed
* **Pannekoek** (Johan Wolfaardt)
  - 30kg Koekmeel
  - 6liter Olie
  - 1 pak Sout
  - 3 x 500g Bakpoeier
  - 7 x 30dosyn Eiers
  - 2.5liter Asyn
  - 12.5kg Suiker
  - 750g Kaneel
  - HELPERS
* **Pap & Kaiings** (Bekker Pelser)
* **Poeding Tafel** (Riekie Elmes)
  - Koekmeel
  - Eiers
  - Jelliepoeier
  - Gebakte poedings
  - Koue poedings
* **Springkasteel** (Bernard Elmes)
* **Teetuin** (Elize Helberg & Petra Grobler)
* **Hoenderstrips & Tjips** (Hendrik & Gine Strydom)
  - Olie
* **Vleis Tafel** (Douw Pelser)
  - Vleis en vleis en vleis en nog vleis asseblief
  - HELPERS
* **Worsbroodjies** (Nicholaas & Nelia Smith + Kobus & Ilze-Mari van Eeden)

**Vleiswerk** by die kerk behoort teen die 14de te begin vanaf 17:00 in die middae, verdere inligting sal deurgegee word op die whatsapp groepe.

Die susters beplan ook om **koeksisters** en **vleispasteitjies** by die kerk te bak vir die Doppernagfees. As jy graag wil help, en sommer iets leêr, is jy welkom om die kerkkantoor te kontak. Die datums en tye sal in die komende week deurgegee word. Kom ons maak dit 'n span poging en bak hope koeksisters en vleispasteitjies terwyl ons lekker kuier.

Daar gaan ook weer van hierdie jaar af **kaartjies** gebruik word om te betaal by die Doppernagfees. Om dit makliker te maak gaan daar twee punte wees waar kaartjies gekoop kan word, een buite langs teetuin en een in die saal. Daar gaan wel nog kaartfasiliteite by die vleis tafel beskikbaar wees.

Hierdie jaar gaan die Doppernagfees ook 'n **nuwe uitleg** hê, ons is almal baie opgewonde daaroor en kannie wag om te sien hoe dit gaan realiseer nie!

Is daar enigeiemand wat sou belangstel om die aand vir ons **foto's** te neem van die fees? Kontak kerkkantoor as jy kans sien.

# Ander

# 20kg maalvleis vir die Kerrie & Rys stalletjie

# 5kg maalvleis vir die maak van vleispasteitjies om te verkoop.



Benodig **helpende hande** Vrydagoggend met die opslaan van stalletjies en regsit van tafels en stoele, ALMAL welkom om te kom help!



# Doppernagfees

# 30 Mei

# 17:30




# Jeug Aksie

## 23 Mei

## 15:00

## By die kerk



# Preekvoorligting Sondag 18 Mei 2025

## Oggend erediens

**Sing:** Ps. 96:1,2; Ps. 9:7; Ps. 43:1,3; Ps. 84:1,3; Ps. 23:3; Ps. 116; Ps. 75:1,4,6.
**Lees:** Jes. 55:1-5.
**Teks:** Jes. 55:1
**Tema: Ons word uitgenooi om met die gawes van God se genade versterk te word.**

***Die aard van God se genade.***
In die tweede deel van die profesie van Jesaja word die grootsheid en die genade wat God aan sy volk openbaar bekend gemaak. Tog kan die volk nie net kennis neem van die genade wat gegee word nie, maar hulle moet hierdie genade aanneem. God nooi nou sy volk uit om te kom deel in die genade van herstel wat Hy sal gee. Hulle kan by Hom sonder betaling wyn en melk kom koop en hulle in die oorvloed van sy genade verlustig. In die nagmaal sien ons die oorvloedige genade wat die Here aan ons deur die liggaam en die bloed van Christus gegee het.

***Die uitnodiging op grond van God se genade.***
Nou moet ons opmerk dat die Here wel sy genade aan sy volk gee, maar hy nooi hulle uit om na Hom te kom. Van die begin sien ons dat die Here na sy kinders toe gekom het en dat Hy hulle weer kom opsoek nadat hulle gesondig het. Tog moet die kinders van die Here ag gee op die genadige roeping van die vader en nou na Hom toe kom. Christus het daardie weg vir ons gebaan deur sy soenverdienste dat ons nou kan ag gee op die uitnodiging wat die Vader tot ons rig. Die uitnodiging wat die Vader aan ons rig is ’n verpligting en ‘n roeping wat Hy op ons lê.

***Die uitwerking van God se genade.***
Wanneer ons nou op die uitnodiging ag gegee kan ons die uitwerking wat die Here se genade in sy skepping het sien. Die ontvangers van die genadebewyse van die Here sal nou as ’n getuienis in die wêreld optree. Wanneer God se genade in Christus aan ons geopenbaar is sal elke mond bely dat Hy die Here en God is. Christus het self in die midde van Israel die genade van die Here verkondig en nou het ons die roeping om dit verder tot by die voleinding van die aarde uit te dra. Laat ons daarom versterk deur die rykdom van God se genade volhard om dit aan almal wat sal hoor te verkondig.

# Preekvoorligting Sondag 18 Mei 2025

## Aand erediens

**Sing:** Ps. 98:1,2; Ps. 62:1; Ps. 90:1,9.
**Lees:** Luk 1:26-38; Son 11
**Teks:** Luk 1:31; Son 11
**Tema: Jesus, die Seun van die Allerhoogste God is die Verlosser wat ons van al ons sondes verlos het.**

***Jesus is ons Goddelike Verlosser.***
Met die aankondiging van Jesus se geboorte val die klem daarop dat die mensdom sal weet dat Jesus die Seun van God is wat gestuur is om ons as sondaars uit die ellende van ons sondes te verlos. Lukas vermeld in sy vertelling dat Jesus, die gebore verlosser die Seun van die Allerhoogste genoem sal word en dat Hy die koningstroon sal ontvang. Die verlosser wat ons Vader aan ons gee is in die eerste plek God self wat in sy almag die sonde dood kan oorwin. Aan Hom is alle mag in die hemel en op die aarde gegee.

***Jesus is ons volkome Verlosser.***
In die naam Jesus lê die verdere rykdom van ons verlossing vir ons opgesluit. Hy is deur die Vader gestuur om 'n volkome verlossing vir sy kinders te bewerk. Met hierdie belydenis in die hart en op ons lippe moet ons sien wat alles nodig is vir ons verlossing. Aan die eenkant moet die prys vir die sonde betaal word, maar aan die anderkant moet die goeie gedoen word. In die volkome verlossing wat Christus aan ons gee kan ons weet dat Hy die een is wat die prys vir die sonde betaal en Hy gee ons deel aan al sy goeie werke.

***Jesus is ons enigste Verlosser.***
Op die feit dat Jesus die volkome Verlosser is moet ons ook bely dat Hy ons enigste Verlosser is. Daar is geen ander middel waardeur ons verlos kan word nie as net Jesus Christus alleen nie. Hierdie artikel is veral belangrik teen die agtergrond die Rooms Katolieke kerk wat hulle verlossing van Maria of ander heiliges verwag. Dit is egter alles of niks. Of Hy is 'n volkome verlosser of Hy is dit nie. Dit is eindelik die ware geloof wat Christus aan sy kerk openbaar het.